18

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

DOEN VOORAF

- Maak fotostate van die sketse soos dit voorkom in Lesse 13 tot 17 in die kind se boek: skaap, hand, drie ballonne, ensovoorts.
- Kry prente van eetgoed en gebruiksartikels waarvan die meeste mense gewoonlik hou en ’n prent waar Nagmaal gevier word.
- Maak ’n groot plakkaat en skryf die volgende woorde of sinne daarop. Daar moet genoeg spasie tussen die woorde wees om prente te plak, ensovoorts.
    - *Ek is belangrik vir God*
    - *Ek sê dankie*
    - *Ek kan enige tyd met God oor enigiets praat*
    - *Nagmaal*
    - *Ek prys, dank en vra*

OPENING

Open met gebed.

BEGIN SO

IETS OM TE DOEN

Verduidelik vir die kinders dat hulle in die afgelope vyf lesse telkens iets geleer het van verskillende gebeure of sake. Elkeen van hierdie gebeure of sake het op sy beurt weer iets vir ons geleer. Plak die plakkaat met die woorde teen die muur. Wys dan afwisselend van die sketse, prente en/of gebeure wat jy bymekaar gemaak het. Laat die kinders sê wat pas by wat, en plak dit dan by die regte woorde.

Vertel weer kortliks wat by elkeen van die volgende onderwerpe belangrik is:

- Ek is belangrik vir God

- Ek sê dankie

- Ek kan enige tyd oor enigiets met God praat
- Ons vier Nagmaal
- Ek prys en dank en vra God in my gebede

AFSLUITING

Sluit self af met gebed.

Belangrik:
Indien moontlik, reël met 'n skaapboer om by Les 20 te kom vertel hoe baie moeite hy en/of sy skaapwagter doen om die beste vir die skape te gee.